



RYNIENUUS



LAERSKOOI RYNFIELD

UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



Junie het aangebreek en ons is nou offisiëel in die winterseisoen.

Temperature is tans nie te sleg nie maar sal aansienlik daal soos die winter vorder. Maak asseblief seker dat u kind/ers warm aangetrek is vir die koue dae wat voorlê.

Ons doen weereens 'n beroep op ouers om die skoolklere te merk veral die windbrekers aangesien die leerders dit uittrek en vergeet, veral pouses as hulle rondhardloop en speel.



Die Gr 4-7 leerders is nog besig met eksamen en die laaste vakke word op Woensdag 10 Junie geskryf. Na die eksamen wissel ons weer normaal en gaan aan met werk terwyl eksamenvraestelle wat klaar gemerk is ook uitgegee word. Die laaste paar weke van die kwartaal is ook baie besig met die kaskarre en landloopkaperjolle wat plaasvind.





RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



OUERS NEEM ASSEBLIEF KENNIS



Ons het die afgelope week besoek vanaf die Departement gehad. Hulle het opgemerk hoeveel leerders vroeër die skool verlaat. Hulle het dit aangeteken en aan ons genoem dat dit **onaanvaarbaar** is.

Die eksamenreëlins is in die nuusbriëf gekommunikeer en ons het duidelik genoem dat **laerskool leerders nie bloktyd kry nie en tot 13:00 tydens die eksamen by die skool moet wees.**

Die hoeveelheid afkondigings wat gemaak word is ook ontwrigtend vir leerders wat leer in die klas, asook die junior leerders wat nog besig is met akademiese.

Help ons asseblief in die verband.

Leerders kan slegs vroeër vertrek as gevolg van siekte en noodgevalle.



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

Ons is baie trots op ons Cheerleaders wat die afgelope naweek voor die Bulle se kwartfinaal op Loftus Versveld opgetree het . Julle was ongelooflik en het Laerskool Rynfield se naam hoog gehou.





RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD





RYNIES

LANDLOOPKAPERJOLLE



ELKE
TREE TEL!

HARDLOOP
MET TROTS!



DIE LANDLOOPKAPERJOLLE SKUIF NA
DONDERDAG, 11 JUNIE 2026

REDE:

- AS GEVOLG VAN TOERE WAT DIE LAATSTE WEEK PLAASVIND.
- VIR DIE VEILHEID VAN ONS LEERERS. OMDAT ST. DUNSTANS ANDER AKTIWITEITE AANBIED OP DIE OORSPRONKLIKE DATUM.



TYD:



BEGIN 09:00
(PROGRAM SAL VOLG)



KLEREDRAG:



**RYNIEDRAG/
ATLETIEKDRAG
EN TEKKIES**

...
**OUERS IS
WELKOM!**



**ELKE LEERER WAT DIE WEDLOOP
VOLTOOI! KRY 'N VERRASSING!**

KOM HARDLOOP. ONDERSTEUN EN GENIET DIE GEES VAN RYNIES!



RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

MINI-HOKKIE

Ons nooi alle belangstellende dogters van **Graad 1 - 3** na ons mini-hokkieproewe uit op **9, 10 en 11 Junie**. Die proewe word in **SKOOLTYD** gehou.

Trek gemaklike oefenklere aan en bring jou skoolklere saam.

Onthou jou hokkiestok en tekkies.

Hou asseblief die klasgroepe vir meer inligting dop.





RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



NETBAL A-LIGA
UITSLAE

Rynfield eindig Algeheel 3de

	SPAN	UITSLAE
0/10	A	3DE
	B	3DE
	C	5DE
0/11	A	6DE
	B	4DE
0/12	A	4DE
	B	5DE
0/13	A	1STE
	B	1STE

Baie geluk met 'n goeie seisoen!

EKURHULENI-UIT SPELE
5 & 6 JUNIE EG JANSEN

BAIE STERKTE AAN ONS 0/12A'S WAT AAN DIE EKURHULENI UITSPELE DEELNEEM!

ONS WEET JULLE KAN!
Rynies IS RATELTAAI!





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD



RYNIE SKAAKNUUS



Na maande se skaak speel, word die volgende maats aangewys om ons skool te verteenwoordig in die **Benoni Span Skaakkampioenskappe** te **Laerskool Westwood 13 en 20 Junie 2026:**

Onder 9A: Deborah Roode Hayley de Klerk Chloë Rohde Kensi Engelbrecht Wayne Zwiegelaar Lyrica Botha	Onder 11 A: Engeli Boshoff Jurgen Joubert Luan Botha Iwan van Noordwyk Hanno Pieterse Kemuel Fensham Gabriel van der Westhuizen
Onder 13 A: Rickard de Bruyn Mia Pieterse Diané Smit Lumé du Plessis Caitlyn Havenga Thomas de Klerk Julian Gouws	Onder 13 Dogters: Mia Pieterse Engeli Boshoff Diané Smit Lumé de Plessis Caitlyn Havenga Mieke Botha Lucarli Marx

Let wel: Bordnommers is nog nie finaal nie. Dit hang af van beskikbaarheid om op bogenoemde datums te kan speel. Die A liga speel op die 13de Junie en die dogters onder 13 op die 20 ste Junie. 'n WhatsAppgroep sal binnekort gestig word vir bogenoemde spelers se ouers.





RYNIENUUS



LAERSKOOI RYNFIELD

INTERSKOLE GAUTENG

Ons is so trots op ons Redenaars en spanredenaars. Wel gedaan. Sertifikate is reeds aan ons individuele redenaars oorhandig. Uitslae sal op 5 Augustus bekend gemaak word van wie deurdring na die Nasionale rondte. Hier is net 'n paar van ons spanne:



GRAAD 1



GRAAD 5



GRAAD 2



GRAAD 3



Ons vra groot onverskoning indien jou span se foto nie hier geplaas is nie. Hierdie was wat wel aan personeel gestuur was.



GRAAD 6



GRAAD 7



GRAAD 4



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

PRESTASIE

Wayne Zwiegelaar het aan die Arbeat Kunswedstryd deelgeneem en was as Afdeling Wenner sowel as Item Wenner aangekondig vir Redenaars Gr.1-4. Wel gedaan Rynie!



DELL'ARTE KUNSWEDSTRYD

Inskrywings het reeds gesluit en die individuele deelname program sal beskikbaar wees 21 Julie. Alle sterkte aan al ons Rynies wat gaan deelneem.

PRESTIGE REDENAARS TOERNOOI

Inskrywings het reeds gesluit, maar indien jy as ouer vergeet het om jou kind of span in te skryf, kontak asb vir Juf. Coffey.
kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za



KOOR

Neem asseblief kennis van die volgende beplande optredes:

19 Junie by Ridgewood College - slegs Seniorkoor

20 Junie Prestige Optrede by Midstream College

- Kleuterkoor

- Juniorkoor

- Seniorkoor

Verdere inligting rakende die optredes sal op die Whatsappgroep volg.





RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

KULTUURSESSIE

Do. 4 Junie	Public Speaking / Orators	Gertjie & Jariska	Klaskamer Kleuters- Con'Spirito gebruik saal
	Solosang Gr 4-5	Yolanda	Media
Vr. 5 Junie	Spreekkoor gr 4-5	Reen�-Mari & Marlize	Saal
	Redenaars / Spanne	Gertjie & Jariska	Klaskamer
	Solosang Gr 6-7	Yolanda	Media
Ma. 8 Junie	Seniorkoor	Leonie & Yolanda & Gertjie	Saal
Di. 9 Junie	Public Speaking / Orators	Gertjie & Jariska	Klaskamer
	Spreekkoor gr 4-5	Reen�-Mari & Marlize	Saal
	Solosang Gr 4-5	Yolanda	Media
Wo. 10 Junie	Solosang Gr 6-7	Yolanda	Media
	Public Speaking / Orators	Gertjie & Jariska	Klaskamer
Do. 11 Junie	LANDLOOPKAPPERJOLLE		
Vr. 12 Junie	KASKAR		

- Juffrou Barbara neem ook leerders in die tyd om te oefen in die Media / klaskamer.
- Sport mag oefen in die kultuursessie, maar KULTUUR kom eerste.**
- Juniors sal hul oefentye self behartig.



KOSKAS

Aan elke ouer / gesin wat ons met die projek ondersteun, baie dankie! Sonder julle hulp kan ons nie ander ondersteun in nood nie. Ons kas is bietjie laag op die volgende items:

- Aanrol / Smitgoed
- Skottelgoedseep
- Tandepasta
- Seep
- Melk
- Ontbytpap
- Mieliemeel



Kultuurgroete, Juf. Coffey

Stuur gerus enige navrae na
kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

KASKARDAG - NOG NET 1 WEEK OOR



Die opgewondenheid bou op en daar is nou nog net 1 week oor voor ons Kaskardag! Ons sien uit na 'n wonderlike dag vol pret en spanbou.

Maak asseblief seker dat:

- * Alle gelde betaal is.
- * Jou borgvorm betyds ingehandig word.

Juffrou Luvaine se uitdaging!

Die leerder wat vanaf 3 Junie tot en met 10 Junie die meeste geld vir die laaste week insamel, sal die unieke geleentheid kry om tydens die Landloopkapperjolle 'n yswater-bak oor Juffrou Luvaine se kop uit te gooi!

Kom ons werk saam, doen ons deel en maak hierdie fondsinsameling 'n reuse sukses. Elke bydrae maak 'n verskil en help ons om ons doelwit te bereik.

Baie dankie vir julle ondersteuning – ons kan nie wag vir Kaskardag nie! 🎉💙💛





RYNIENUUS



LAERSKOOI RYNFIELD

SNOEPIE SPYSKAART

Maandag, 8 Junie	“Slap tjips”
Dinsdag, 9 Junie	Macaroni & kaas / Pizza
Woensdag, 10 Junie	Eierbrood + stroop
Donderdag, 11 Junie	Landloopkaperjolle - Snoepie oop - Vetkoek & maaltvleis
Vrydag, 12 Junie	Kaskar - Snoepie oop - Hamburgers / Toasted kaasbroodjies





NASKOOL



LAERSKOOl RYNFIELD

KLEREDRAG:

Ons is amptelik in die winter en alhoewel ons sommige dae nog redelike middelmatige temperature gedurende die dag ervaar, koel dit tog laat middag vinnig af. Maak asseblief seker u kind/ers het warm klere in vir wanneer dit koeler is.

EKSAMEN:

Die eksamen is volstoom aan die gang. Byt vas en hou aan leer. (Dankie aan die leerders wat tot dusver so getrou leer.) Amper klaar!

KLERETROLLIE:

Die kleretrollie is weer redelik vol verlore items. Loer asseblief vir verlore klere drag/kosblikke/waterbottels en selfs skryfbehoeftes. Die trollie sal Dinsdag, 9 Junie, leeggemaak word.

PUBLIEKE VAKANSIEDAG:

Dinsdag, 16 Junie, is 'n publieke vakansiedag. Die departement van onderwys het daarom Maandag, 15 Junie, as 'n skoolvakansiedag verklaar. Die naskool sal dus gesluit wees op hierdie twee dae.



NASKOOL SPYSKAART:

DATUM	ETE	15:30 - 16:00
Maandag, 8 Junie	Geroosterde kaastoebroodjies	Vrug & sap
Dinsdag, 9 Junie	Hoender en pasta gereg	Vrug & sap
Woensdag, 10 Junie	Kookkos - Vleis, soetwortels, broccoli met kaassous, stampmielies	Vrug & sap
Donderdag, 11 Junie	Pasteie	Vrug & sap
Vrydag, 12 Junie	Maalvleis-rolletjies	Vrug & sap



TEN SLOTTE

LAERSKOOLO RYNFIELD



**As jy vrede in jouself wil
bewerkstellig, moet jy
twee diere skiet:**



@Silverwoorde



**die ou koei in die sloot,
asook die bobbejaan
agter die berg.**

**W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF**



ADVERTENSIES

LAERSKOOl RYNFIELD



MARTINMEYER
K I T C H E N S

**DESIGNED
AROUND
THE WAY
YOU LIVE.**

Beautifully crafted kitchens,
designed for the way you live.
Bespoke designs, premium
materials and exceptional
attention to detail.
Built to last. Made for life.



BESPOKE
DESIGN



PREMIUM
MATERIALS



EXPERT
CRAFTSMANSHIP



PERSONALISED
SERVICE



KITCHENS | SCULLERIES | DRESSING ROOMS | LAUNDRIES | BESPOKE JOINERY

Designed around the way
you live. Crafted around
function.



083 236 8638



info@mmkitchens.co.za



mmkitchens.co.za

PROUDLY DESIGNED
& MADE IN
SOUTH AFRICA





ADVERTENSIES



LAERSKOOL RYNFIELD

ALLSEASON
RUGBY AKADEMIE

**GROEI.
SPEEL.
BEPAAI.**

Ons bou spelers vir die toekoms.

ONS FOKUS OP:

- KONDISIONERING**
- HANTERING**
- VERDEDIGING**
- SKOPVAARDIGHEDE**

OEFENINGE:
ELKE VRYDAG MIDDAG
NA SKOOL

KOSTES:
R300
PER MAAND

Ons fokus op oefening wat die spelers ontwikkel en beter rugbyspelers maak wanneer hulle by “grootveld rugby” kom.

KONTAK MNR. MICHAEL VIR MEER INLIGTING!



ADVERTENSIES

LAERSKOOl RYNFIELD



SAME DAY DELIVERY*

YOUR GARDEN, **DELIVERED TODAY!**



SAME DAY DELIVERY*

Fast, reliable & convenient



WIDE RANGE

Plants, soil, tools & more



SHOP ONLINE

Easy, secure & quick



FROM

R59



WWW.KAZIMINGI.CO.ZA

DELIVERIES IN EAST RAND

*Ts & Cs apply. Orders placed before 12pm. Delivery subject to stock availability and location.





ADVERTENSIES

LAERSKOOOL RYNFIELD





SPIT BRAAI *Special*

FOR THE MONTH OF

Starlight Caterers → JUNE

SYLVIO & CHANTELE



OFFSITE SPIT PROTEIN





BEEF TOPSIDE

PORTUGUESE STYLE
DEBONED LEG OF PORK

CHICKEN PIECES IN
OUR FAMOUS BASTING

PRICE PER PERSON

R165.00

CHOOSE ANY OF THE FOLLOWING CARBS





SAVOURY RICE

PAP TERT

BABY POTATOES

SIDE CHOOSE ANY TWO SIDES

- CREAMY SPINACH
- CAULIFLOWER AND BROCCOLI BAKE
- GREEK SALAD
- POTATO SALAD
- COLESLAW
- CURRY NOODLE SALAD




- Dessert -

MALVA PUDDING
AND CUSTARD



THE FOLLOWING IS INCLUDED IN THE ABOVE PRICE



CUTLERY
AND CROCKERY



SHAVING DISHES
FOR FOOD WITH
BURNER FLUTE



SETUP OF
FOOD STATION

NOT INCLUDE IN THE ABOVE PRICE






TABLES
AND CHAIRS

TRAVELING

ON-SITE SPIT
AND GAS

LABOUR

CONTACT US TODAY

CHANTELLE 073 525 3516

SYLVIO 072 262 7753

STARLIGHTCATERERS37@GMAIL.COM



MINIMUM PAX
PER FUNCTION
20 AND ABOVE



TERMS AND
CONDITIONS APPLY



ADVERTENSIES

LAERSKOOLO RYNFIELD



MOERSKOOLO HANS MOORE

HANS MOORE

OPEDAG

DIE GROOTSTE
Skouspel

24 JUNIE
16:00
20:00

24 JUNE
16:00
20:00

OPEN DAY

THE GREATEST
Extravaganza

UITNEMENDE AKADEMIE
ACADEMIC EXCELLENCE

KULTUUR
CULTURE

SPORT
SPORT

GEMEENSAP
COMMUNITY

Kom beleef die Hans Moore verskil!
Come experience the Hans Moore difference!



ADVERTENSIES

LAERSKOOLO RYNFIELD



ACE IT TUTORING

Werk hard vandag vir n beter more

Ekstra klasse wat ons aanbied:

- Afrikaans en Engels (GR R-12)
- Wiskunde (GR R-12)
- Ander vakke (GR 4-12)

Lesse Kan in Afrikaans en Engels gegee word

**Maandae - Donderdae
(14:00-18:00)**

Waar om ons te vind:

71 Glen gory rd, Norton Home estates, Benoni north

Kontak ons:

Lucy:066 258 9167
robbertze68@gmail.com